

## Gespreksbyeenkoms: *Dat ons waarlik een mag wees!*

## Saterdag 22 Julie

## Gereformeerde Kerk Lyttleton

U word hartlik uitgenooi na 'n gespreksbyeenkoms wat uit die inisiatief van *Die Kerkblad* gereël is vir Saterdag 22 Julie by die Gereformeerde Kerk Lyttleton. Die byeenkoms is veral daarop gemik om ons lidmate en ampsdraers die geleentheid te gee om met mekaar te praat en mekaar te hoor oor hoe ons steeds een kan wees te midde van sekere verskille. Watter verskille tussen ons kan as verskeidenheid binne die eenheid gehandhaaf word? Waar kom die eenheid in gedrang?

Die agtergrond van hierdie gesprek is die afgelope Algemene Sinode waar sekere verskille, by uitstek oor die vrou in die amp, gedreig het om die eenheid van ons kerke in ernstige gedrang te bring. Die gevoel by die inisieerders van die byeenkoms is dat ons sonder die druk wat op verskillende wyses met 'n sinode gepaardgaan openlik met mekaar wil praat oor ons kosbare eenheid en waardeur dit bedreig word.

Die tema van die dag is "*Dat ons waarlik een kan wees!".* Ons eenheid in Christus in die lig van ons verskille.

Die beplanning vir die dag is die volgende:

- Ds Christo Swanepoel sal as voorsitter/gespreksleier optree.
- 08:30 Ds Cassie Aucamp open die verrigtinge en lei ie saak baie kortliks in.
- 09.15 Ds Piet Venter oor wat hy van hierdie eenheid beleef het tydens die Algemene Sinode.
- 10.15 Dr. Johan Fleischman: Die handhawing van ons eenheid in Christus te midde van verskille.
- 11.30 "Brunch", saam kuier
- 12.15 Dr. Gerard Meijer: Die belangrike vraag: Wanneer kom die gesag van die Skrif in gedrang?
- 13.15 'n Kort slotrepliek deur Ds. Pieter Kurpershoek en Ds Cassie Aucamp.
- 13.40 Die pad vorentoe.

Al ons lidmate is welkom, nie net ampsdraers nie. Ons nooi ook ons emeriti uit om ons uit hul rype ervaring te verryk.

Die koste vir die dag beloop R100 per persoon. Ons vra vriendelik dat u voor 10 Julie registreer deur u naam en gemeente per e-pos te stuur na Sussie Voogt by admin@keymaxprop.co.za of per Whatsapp na 082 892 7747, saam met die bewys van u betaling. (Let daarop dat die e-posadres in *Die Kerkblad* ongelukkig foutief was.)

Bankbesonderhede: GK Lyttleton Sustersaksie, ABSA, rek nr 6003 4023 9, verwysing: Kerkblad.

Kom ons gryp hierdie geleentheid aan om ons roeping tot ware eenheid in Christus en tot getuienis aan die wêreld te kan gehoorsaam.

Sal u ook so gaaf wees om hierdie byeenkoms aan u gemeentelde bekend te stel.